

27 Oktober 2019

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



## Lukas 18: 9-14

### ons storie ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

Ysbreker: Waarin is jy regtig goed? Waarin is jy regtig sleg? Hoe laat elkeen jou voel?

### word stil

Lees Psalm 65 as 'n gebed.

Dink na oor hoe hierdie Psalm die genade wat ons van God ontvang verwoord.

### GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam  
**Lukas 18: 9-14**

As daar tyd is,  
kan elkeen dit daarna  
weer op sy/haar eie tyd lees.

### GOD se storie gesels hieroor na

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Probeer om in een sin die tema van hierdie gedeelte op te som.

Beskryf die verskil tussen die optrede en gebede van die Fariseër en die Tollenaar. Wanneer is ons soos die Fariseër en wanneer is ons soos die Tollenaar?

Hoe lyk 'n kerk/gemeente wat optree soos die Fariseër? En soos die Tollenaar? Evalueer julle gemeente aan die hand hiervan.

Lees weer vers 9 en gesels oor wanneer en hoe dit steeds gebeur.

Gesels oor hierdie aanhaling in die lig van die teksgedeelte: *"The beauty of grace is that it makes life not fair."*

27 Oktober was Hervormingsondag. Wat vier ons tydens hierdie geleentheid en hoe help die teksgedeelte ons om die hervorming beter te verstaan?

### ons nuwe storie

**Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.**  
Verder en Voor:

Elke dag kry ons te doen met mense wat anders as ons lyk, glo en optree. Watter beginsels in hierdie teksgedeelte help ons om hulle te hanteer?

### na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

### bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

**Dank God daarvoor.**

